Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

Postnet suite 001
Privaatsak X9676
Hampton Court
POLOKWANE
0700

TEL: (015) 296 0940
FAKS: 086 543 0378

E-pos: linda@osiekleuters.co.za
amanda@osiekleuters.co.za

Verskaf 'n mees onlangse

ID foto van u kleuter

Inskrywingsvorm - 2020

Kleuter se naam en van:_____

Geboortedatum van kleuter: _____

Vroulik: ☐ **Manlik:** ☐

Ouers merk asseblief van toepassing:

2 – 3 jaar ☐	Halfdag ☐	Nuwe registrasie ☐
3 – 4 jaar ☐	Halfdag met ete ☐	Herregistrasie ☐
4 – 5 jaar ☐	*Voldag ☐	*(Let wel: u vul 'n aparte aansoekvorm in vir NASKOOL – hierby aangeheg)

'n Registrasiefooi (R900) wat jaarliks betaalbaar is, is binne 7 (sewe) dae na aanvaarding en toelating van die kleuter betaalbaar. (Hierdie fooi is nie terugbetaalbaar nie.)

VIR KANTOORGEBRUIK: **Rekening no:** _____

Hierdie aansoek was: **Suksesvol:** ☐ **Onsuksesvol:** ☐

☐ **2 – 3 jariges**	☐ **3 – 4 jariges**	☐ **4 – 5 jariges**	**Toelatingskriteria**
☐ Speelbeer	☐ Kampbeer	☐ Sirkusbeer	☐ **Huistaal: Afrikaans**
	☐ Plaasbeer	☐ Tuinbeer	☐ **Christelike onderrig**
	☐ Safaribeer	☐ Vakansiebeer	☐ **Gevestigde toiletroetine**

☐ Kleur ID foto van die kleuter	☐ Voltooide Finansiële Klaringsertifikaat
☐ Afskrif van Vader ID	☐ Afskrif van Moeder ID
☐ Bewys van residensiële adres	☐ Afskrif van mediesefondskaart – voor en agter
☐ Geboortesertifikaat aangeheg	☐ Immuniseringsertifikaat aangeheg
☐ Is elke bladsy onderaan deur beide ouers geparafeer?	

Inskrywingsdatum	Begin-datum	Toelatings-datum	Invoerdatum	Vertrekdatum	Reg fooi betaal
	15/01/2020				

Kleuter inligting:

Volle naam en van:	
Noemnaam:	
Geslag:	
Geboortedatum:	
ID nommer:	
Woonadres:	
Huistaal:	
Nasionaliteit:	
Kerkverband:	
Vorige skool:	
Posisie in gesin:	**van**
Allergieë:	

Status van gesin: (Merk asb.)

1	**Beide ouers**	**2**	**Stiefpa**	**3**	**Stiefma**	**4**	**Wewenaar**
5	**Weduwee**	**6**	**Voogde**	**7**	**Geskei, bly by ma**	**8**	**Geskei, bly by pa**
9	**Vervreem, bly by pa**	**10**	**Vervreem, bly by ma**	**11**	**Ander (spesifiseer)**		

Besonderhede van ander/vorige kleuters in Osieteddies

Naam en Van	Klas	Geslag	Ouderdom / jaar

Was u Kleuter na enige Spesialis vir skolastiese/gedragsafwykings verwys **JA** **NEE**

Spesifiseer: _____

Was daar enige probleme tydens sy / haar geboorte? **JA** **NEE**

Spesifiseer: _____

Beskik u kleuter oor 'n gevestigde toiletroetine? **JA** **NEE**

Ouers se inligting:	**Persoon verantwoordelik vir skoolgeld**	**Persoon mede-verantwoordelik**
Volle naam en van:		
Noemnaam:		
Verwantskap:		
ID Nommer:		
Woonadres:		
E-pos adres vir korrespondensie:		
Huis no:		
Werk no:		
Selfoon no:		
*Beroep:		
*Werkgewer:		

*Jammer, "eie besigheid" is nie vir ons aanvaarbaar nie! U eie besigheid se naam moet hier verstrek word.

VRYWARINGSKLOUSULE

Ek _____ **ID:** _____

Ouer/voog van _____**ouderdom in 2020**

2 - 3jr	3 – 4jr	4 – 5jr

gee hiermee toestemming dat hy/sy die aktiwiteite by / en weg van die perseel mag bywoon en aan al die bedrywighede mag deelneem en daarheen per private/openbare vervoer gekarwei mag word.

Ek dra my magte as ouer/voog vir die duur van die kursus/aktiwiteit oor aan die verantwoordelike onderwyser, om al daar, in my plek, teenoor die kind te staan asof ek teenwoordig sou wees. Sodanige magte sluit dan ook enige optrede wat van die verantwoordelike onderwyser verwag sou word, indien mediese/chirurgiese ingreep vir my kind sou nodig mag wees. Sover ek weet verkeer my kind in goeie gesondheid. Ek versoek egter die verantwoordelike persone om die volgende te let:

_____

(Meld hier enige besonderhede in verband met u kind se gesondheid en/of enige bedrywighede waaraan hy/sy nie mag deelneem nie.)

INLIGTING BENODIG IN GEVAL VAN MEDIESE/HOSPITAAL BEHANDELING:

1. Naam en van - Huisdokter: _____
2. Kontaknommer - Huisdokter: _____
3. Naam van Mediese Fonds:_____ Lid nr: _____
4. Tydens nood, kontak asseblief die volgende persone indien ouers nie beskikbaar is nie:

Kontakpersoon nommer 1:

Naam en van: _____

Kontaknommer: _____

Verwantskap: _____

Kontakpersoon nommer 2:

Naam en van: _____

Kontaknommer: _____

Verwantskap: _____

Ek onderneem as ouer/voog dat ek nie die OOV, sentrum of betrokke onderwyser aanspreeklik sal hou vir enige skade of vergoeding en/of enige aksie waar ek op geregtig mag wees, voortspruitend uit enige voorval en of gebeurlikheid, wat te wyte is aan sodanige onderwyser, en/of enige persoon verbonde aan die sentrum se optrede wat mag ontstaan het tydens die aktiwiteit van bogenoemde nie, hetsy dit ontstaan het tydens oefeninge of optrede van welke aard ook al, of vervoer na of van die betrokke plek of enige of enige gebeurlikheid tydens bogenoemde kleuter se optrede tydens die aktiwiteit soos deur die skool gereël nie. Art 39(1) van die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1993) bepaal dat 'n geneesheer en/of die superintendent van die hospitaal mag besluit op 'n noodoperasie of nood mediese behandeling indien die wettige voog of ouer nie beskikbaar is nie. Die sentrum se verteenwoordiger kan nie hiervoor verantwoordelik gehou word nie. Ek doen hiermee uitdruklik afstand, en vrywaar die OOV, sentrum of betrokke onderwyser van enige sodanige eise wat ek moontlik mag instel voortspruitend uit so 'n gebeurlikheid.

_____ _____

HANDTEKENING VAN OUER/VOOG **DATUM**

OOREENKOMS VAN ONDERRIG

tussen

Osieteddies Kleinkindontwikkelingsentrum

("Die Sentrum")

hierin verteenwoordig deur die Skoolhoof in ooreenstemming met haar bevoegdhede ingevolge die toepaslike wetgewing, behoorlik gemagtig hiertoe deur die OOV

en

.....

(Volle naam en van) **("die Ouer")** **(identiteitsnommer)**

Vir die onderrig en onderwys van

.....

(Volle naam en van) **("die Kleuter")**

NADEMAAL

1. Die ouer begerig is om die Kleuter by die Sentrum te laat registreer of te laat herregistreer en reeds by die Sentrum aansoek om toelating van die Kleuter gedoen het en;

2. Die partye hiermee die voorwaardes en bedinge ingevolge waarvan die Kleuter by die Sentrum onderrig en opleiding sal ontvang, formaliseer, welke onderrig en opleiding sal geskied ooreenkomstig die voorgeskrewe kurrikulum.

DERHALWE KOM DIE PARTYE SOOS VOLG OOREEN:

1. <u>Skoolgelde:</u>

1.1 Die jaarlikse skoolgeld beloop sodanige bedrag as wat die Sentrum jaarliks by wyse van 'n Ouervergadering, voor die einde van November van die betrokke jaar ten opsigte van die daaropvolgende jaar bepaal.

1.2 Ingevolge Art 40 van die Skolewet is beide Ouers gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die betaling van skoolgeld, welke skoolgelde jaarliks vooruitbetaalbaar is. Die OOV het in terme van sy bevoegdhede kragtens Art 20 van die Skolewet die volgende toegewing tot die betaling daarvan gemaak:

1.2.1 'n ***Eenmalige betaling*** van die volle bedrag voor die einde Februarie van die betrokke jaar;

Of

1.2.2 ***Vier kwartaallikse*** gelyke betalings vooruit voor die tweede dag van elke kwartaal;

Of

1.2.3 ***Elf gelyke maandelikse*** paaiemente waarvan die eerste paaiement betaalbaar is voor of op 2 Januarie met die laaste paaiement voor of op 2 November van die betrokke jaar.

1.3 Die Ouer kies om die skoolgeld as volg te hanteer: (verwys na bl. 8 van die aansoekvorm)

1.4 Indien die Ouer in gebreke bly om die skoolgeld te betaal op die datum soos uiteengesit in klousule 1.2 sal die volle uitstaande bedrag onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees.

1.5 Die ouer sal aanspreeklik wees vir die regskoste verbonde aan die invordering van enige verskuldigde bedrag, op 'n prokureur en eie kliënt skaal met inbegrip van die betaling van invorderingskommissie teen 10%, opsporingskoste en enige sodanige addisionele koste deur die Sentrum aangegaan voor die Ouers se rekening aan prokureurs oorhandig sou word vir invordering.

1.6 'n Sertifikaat wat die Skoolhoof of alternatiewelik die Voorsitter van die Finansiële Komitee onderteken het, sal prima facie bewys wees van enige bedrag soos deur die Ouer verskuldig ingevolge hierdie ooreenkoms.

1.7 Die Sentrum bevestig dat die Regulasie wat ingevolge die Skolewet uitgevaardig is gedurende normale skoolure by die Sentrum ter insae aan die Ouer beskikbaar is.

2. Effektiewe datum:

Hierdie ooreenkoms kom tot stand by ondertekening hiervan deur die Ouer ongeag die datum van ondertekening daarvan deur die Skoolhoof en sal van toepassing wees vir die duur van die betrokke jaar.

3. Verwydering van die Kleuter uit die Sentrum:

3.1 Die Ouer sal aan die Sentrum een kalendermaand vooraf kennis gee van sy voorneme om die Kleuter uit die Sentrum te verwyder en hierdie verpligting sal geld ongeag die rede vir die verwydering van die Kleuter. Die Ouer sal aanspreeklik wees vir betaling van alle uitstaande skoolgeld tot die einde van die maand waarin die Kleuter uit die Sentrum verwyder word.

3.2 Indien die Ouer versuim om die vereiste kennisgewing van verwydering van die Kleuter ingevolge klousule 3.1 te gee, bly die Ouer aanspreeklik vir betaling van die voorgeskrewe skoolgelde.

3.3 Nieteenstaande voorafgaande sub-klousules sal die OOV geregtig wees om nie-nakoming hiervan te kondoneer of kwytskelding van betaling verleen in die OOV se uitsluitlike diskresie.

4. Onderrig van die Kleuters:

Die Sentum sal aan die Kleuters onderrig en opleiding voorsien in ooreenstemming met die kurrikulum soos deur die Onderwysdepartement voorgeskryf, of enige ander waarop die OOV kragtens sy bevoegdhede regtens mag besluit.

5. Verlof:

Die Kleuterskool sluit op **4 Desember 2019** en open weer op **15 Januarie 2020**. ***(Ons sal u op hoogte hou)**

Ons Naskool personeellede is geregtig op verlof, wat grootliks in Desember geneem word. Naskoolfooie is gedurende hierdie verlofmaand ten volle betaalbaar.

Skoolfooie is betaalbaar oor 11 maande (halfdag) en 12 maande (voldag).

6. Dissiplinêre aangeleenthede:

6.1 Alle dissiplinêre aangeleenthede wat verband hou met die onderrig van die Kleuters, berus by die Skoolhoof/ OOV of 'n persoon wat skriftelik deur die Skoolhoof daartoe gemagtig is in hulle uitsluitlike diskresie.

6.2 Dissiplinêre aangeleenthede sal hanteer word kragtens die bepalings van die Gedragskode soos van tyd tot tyd gewysig. Die Ouer onderneem om op hoogte te wees van die dissiplinêre kode en onderneem dat die Kleuter te alle tye die bepalings van die gedragskode sal gehoorsaam.

7. Gedragskode:

- 'n TEDDIE gehoorsaam skoolreëls.
- 'n Teddie is trots op sy/haar skooltjie.
- 'n Teddie gedra hom/haar altyd goed, en is altyd soet in die klas.
- 'n Teddie speel net waar juffrou hom/haar kan sien.
- 'n Teddie hou altyd die skool en sy/haar klas netjies.
- 'n Teddie gee om vir maats en juffrouens.
- 'n Teddie mag nie verkeerde dinge doen nie.
- 'n Teddie mag nie vloek nie.
- 'n Teddie mag nie baklei nie.
- 'n Teddie moet respek hê vir alle mense, maak nie saak van kleur of taal nie.
- 'n Teddie moet eerlik wees.
- 'n Teddie is 'n WENNER!

8. Vrywaring deur die Ouer:

Die Ouer vrywaar hiermee:

8.1 Die Sentrum, sy werknemers en amptenare teen beserings, skade of enige ander verlies deur enige persoon as gevolg van die opsetlike en / of nalatige optrede van die Kleuter; en

8.2 Die Sentrum, sy werknemers en amptenare buiten ingeval van opsetlike of nalatige optrede van die sentrum, sy werknemers en amptenare teen enige aanspreeklikheid voorspruitend uit enige beserings of siekte van die Kleuter en verleen magtiging aan die Skoolhoof of enige personeellid indien die Skoolhoof nie beskikbaar is nie, om toestemming te verleen vir enige operasie of mediese behandeling wat die Kleuter dringend mag benodig indien dit nie moontlik is om die Ouer dadelik in die verband te kan kontak nie.

9. Onderneming deur die Ouer:

Die ouer onderneem om:

9.1 Uitvoering te gee aan die voorskrifte van die Sentrum, soos van tyd tot tyd bekend gemaak mag word en enige verwysing daartoe;

9.2 Die Kleuter kragtens Departementele voorskrifte / instruksies te laat immuniseer teen alle normale infeksies en / of aansteeklike siektes en om, op versoek van die Sentrum, bewys van sodanige immunisasie te lewer;

9.3 Alle klerasie en eiendom van die Kleuter duidelik te merk;

9.4 Die Sentrum te vrywaar van enige aanspreeklikheid vir skade aan of verlies van enige artikel wat deur die Kleuter na die Sentrum of enige ander Buite kurrikulêre aktiwiteit gebring word;

9.5 Die Sentrum onverwyld te verwittig van die kleuter se afwesigheid by die Sentrum.

10. Remedies:

10.1 Indien dit geag word dat die Ouer hierdie ooreenkoms verbreek het, sal die Sentrum bevoeg, maar nie verplig wees om uitvoering van sy regte ingevolge van hierdie ooreenkoms deur middel van toepaslike regstappe of andersins af te dwing.

10.2 Die remedies ingevolge hierdie klousule sal aanvullend tot en sonder benadering van enige ander regte, hetsy gemeenregtelik of statutêr van die Sentrum uitgeoefen word.

11. Algemeen

11.1 Geen wysiging, kansellasie, variasie van of toevoeging hiertoe sal enige regskrag hê of bindend op die partye wees indien dit nie skriftelik geskied en deur die partye of hul gemagtigde verteenwoordigers onderteken is nie.

11.2 Hierdie dokument tesame met die registrasievorm hierby aangeheg, bevat die volledige ooreenkoms tussen die partye en geen party sal gebonde wees aan ondernemings, voorstellings of waarborge wat nie hierin vervat is nie.

11.3 Geen grasie, verslapping of uitstel wat een party aan die ander mag verleen, sal die party in enige opsig daarvan weerhou of benadeel in die toekomstige uitvoering van enige van sy regte of verpligtinge nie.

11.4 Geen party mag sy regte of verpligtinge ingevolge hierdie ooreenkoms aan ‘n ander party sedeer of delegeer, sonder die vooraf skriftelike goedkeuring van die ander party nie, en sodanige toestemming sal nie onredelikerwys weerhou word nie.

11.5 Die opskrifte wat in hierdie ooreenkoms voorkom dien slegs vir verwysingsdoeleindes en affekteer geensins die interpretasie van die ooreenkoms nie.

11.6 Die Ouer verkies hiermee, vir doeleindes van hierdie ooreenkoms en domicilium citandi et executandi die adres soos hieronder aangedui en die Ouer sal geregtig wees om die verkose domicilium deur skriftelike kennisgewing aan die skool te wysig met dien verstande dat sodanige verandering eers 14 dae na ontvangs van voormelde kennisgewing in werking sal tree:

Woonadres:

Poskode:

Posadres:

Poskode:

11.7 Dit bly die Ouer se verantwoordelikheid om enige veranderinge van besonderhede (bv. Adres, posadres, persoonlike besonderhede, ens.) binne 7 dae nadat dit verander het aan die Sentrum te verskaf.

11.8 Enige kennisgewing wat in gevolge hierdie ooreenkoms aan die Ouer moet geskied, deur middel van een of meer van die volgende wyses versend word:

- Per geregistreerde pos; of
- Per hand; of
- Per faks; of
- Per e-pos

11.9 Die ondergetekende bly verantwoordelik vir die nakoming van alle terme van hierdie ooreenkoms ongeag wie verantwoordelik mag wees vir die betaling van die skoolfonds en bevestig dat sy / hy behoorlik gemagtig is om hierdie ooreenkoms namens albei Ouers te onderteken (indien van toepassing).

Ons as Ouers, kies om die skoolgelde as volg te hanteer:

✓	'n ***Registrasiefooi*** **(R900)** wat jaarliks betaalbaar, is binne **7 (sewe)** dae na aanvaarding en toelating van die kleuter betaalbaar. (Hierdie fooi is nie terugbetaalbaar nie).
	'n ***Eenmalige betaling*** van die volle bedrag voor die einde Februarie van die betrokke jaar; Of
	Vier ***kwartaallikse*** gelyke betalings vooruit voor die tweede dag van elke kwartaal; Of
	Elf gelyke ***maandelikse*** paaiemente waarvan die eerste paaiement betaalbaar is voor of op 2 Januarie 2020 met die laaste paaiement voor of op 2 November 2020 van die betrokke jaar.

Ek _____ verklaar hiermee dat die inligting soos hierbo in hierdie vorm deur my weergegee waar en juis is, en dat ek by wyse van my handtekening hieronder die Voorsitter van die Skoolraad of sy verteenwoordiger toestemming verleen om enige van die besonderhede deur my verskaf na te gaan en te bevestig.

Geteken deur die Ouer/Voog te Polokwane op hierdie _____ dag van _____ 20____.

_____ _____

Handtekening van Ouer/Voog **Handtekening van Tweede Ouer**

_____

Handtekening van Rekeningpligtige